KINDERHOEKIE

Lees Numeri 22:22-34

BILEAM SE DONKIE PRAAT

Maats, lees die skrifgedeelte en voltooi daarna die ontbrekende woorde in die versreëls hieronder.

[32] Die _ _ _ _ _ van die _ _ _ _ vra hom toe: "Waarom het jy jou _ _ _ _ _ _ nou al drie keer geslaan? Ek het jou kom voorstaan, want Ek sien jy is op 'n _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ pad.
[33] Die donkie het _ _ gesien en _ _ _ _ keer vir My uitgedraai. As hy dit nie gedoen het nie, het Ek jou al _ _ _ _ _ _ _ _ _ en hom laat _ _ _ _."

SUIDERKRUIS

'n Gemeente vir Oud en Jonk

ONDER ONS

Redaksie: Ds Tiaan Mostert, Elize van Niekerk en Hester de Beer

Tel & Faks 018 294 7939
E-pos: elize@suiderkruis.com
Web: www.suiderkruis.com
Facebook: Suiderkruis Gemeente Potchefstroom

23 JULIE 2023

DAGBOEK

Vandag
08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens
Kinderkerke na die oggendiens
10:00 Koffie en tee in die foyer

Vrydag 28 Julie
Pannekoek bak by Pick 'n Pay

Saterdag 29 Julie
Pannekoekbak by Pick 'n Pay

Sondag 30 Julie
08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens
Kinderkerke na die oggendiens
10:00 Koffie en tee in die foyer

PROJEKTE WAT DEURLOOP TOT 29 SEPTEMBER

- **Brandewyn:** Vir slegs R10 per kaartjie staan jy 'n kans om 'n unieke bottel Drie Berge Brandewyn te wen. Dit is 'n 5-jaar oue brandewyn en is glad nie hier in ons geweste te koop nie. **By Makro kan jy hierdie bottel brandewyn bestel vir R1171!!** Die vorms is in die foyer beskikbaar. Dankie aan Tannie Johanna Handford wat vir ons hierdie bottel geskenk het.
- **Kwiltdeken:** Vir R30 per kaartjie staan jy ook 'n kans die pragtige kwiltdeken wat oor die klavier agter op die verhoog hang, te wen. Hy is handgemaak en geskenk deur ons Koster, Jacoba Ras. Die vorms vir hierdie pragtige deken is ook in die foyer beskikbaar.

SUIDERKRUIS WHATSAPGROEP

Moenie uitmis op belangrike nuus en gebeure in die gemeente nie. Stuur sommer nou 'n whatsap na Elize, 0832976748 en sy sal die skakel aanstuur. Net Ds Tiaan en Elize kan op daardie groep inligting plaas. Die afkondigings word weekliks daarop geplaas sowel as die skakel na Ds Tiaan se preke. Daar sal geen "gemorspos" op die groep wees nie.

SÊ DANKIE VIR ELKE NUWE PAAR SKOENE

Ek het myself uitasem geskrik, toe ek iewers 'n grênd kar sien met nommerplate, wat uitroep: "Blessed." Wat moet arm gelowiges dink, as hulle by sulke "geseënde" voertuie verbyloop? Dit het my herinner aan Mark Buchanan, wat iewers oor 'n besoek aan 'n dorpie in Uganda, genaamd Waraica, geskryf het. Een Sondag het hy 'n plaaslike samekoms van gelowiges bygewoon. Toe sê een van die vroue hardop: "Oh, brothers and sisters, I love Jesus so much!" "Tell us, sister, tell us!" het almal uitgeroep. "Oh, I love him so much I don't know where to begin to tell you how good He is," antwoord sy. Toe sê sy: "For three months I prayed to the Lord for shoes. And look!" Net daar wys die vroutjie toe haar doodgewone skoene vir almal. "Hallelujah, God is good," het almal uitgeroep en saam feesgevier oor haar eenvoudige paar nuwe skoene. Mark sê hy was die enigste een, wat nie kon saamsing nie. In Kanada waar hy woon, bid niemand drie maande lank vir nuwe skoene nie. Nog minder sê enigiemand vir God hardop dankie, as hulle 'n stel nuwes kry.

Kom ons leer opnuut om dankbaar teenoor die Here te wees vir elke seëning uit Sy hand. Kom ons loof Hom vir elke paar skoene, elke bord kos en vir elke nuwe dag wat Hy ons gun.

-Stephan Joubert [eKerk]

Help my om vry te kom van haat en angs. Leer my om te vertrou dat alles goed sal gaan selfs wanneer dit vir my onduidelik is hoe dit sal gebeur.
- Onbekend -

GEMEENTEKAMP – LAASTE KANS

Ons beplan om vanaf 15–17 September 2023 'n gemeentekamp te reël. Ons gaan weer hierdie jaar by Club Amigos (naby Ventersdorp) bespreek, dis gerieflik naby aan Potch. Daar is lekker visvang-plek en 'n onderdak warmwater swembad asook 'n glybaan vir die "jongklomp". Pryse is soos volg:

- R560 per naweek wat 2 persone insluit + R35 adminfooi
- R700 vir 3 persone + R35 adminfooi
- R840 vir 4 persone + R35 adminfooi
- R980 vir 5 persone + R35 adminfooi
- R1120 vir 6 persone (maks) + R35 adminfooi

Slegs een motor word toegelaat, vir 'n ekstra motor is dit R50 per nag. Vir 'n klein hondjie is dit R30 ekstra per nag.

Daar is ook chalets beskikbaar:

- 2 sleeper (slegs 2 persone) R1150 vir die naweek plus R300 sleuteldeposito + R65 adminfooi – slegs 1 beskikbaar
- 5 sleeper (maks 5 persone) R2200 vir die naweek plus R300 sleuteldeposito + R65 adminfooi – slegs 5 beskikbaar

Ek moet ongelukkig so gou as moontlik bespreek om te verseker ons kry staanplekke bymekaar. Daar is alreeds 10 staanplekke bespreek. Indien jul belangstel om saam te gaan, kontak asb die kerkkantoor en gee jou naam so gou as moontlik op. ***- Elize***

DATUMS VAN FONDSINSAMELINGSPROJEKTE BEPLAN VIR DIE HUIDIGE BOEKJAAR

- Pannekoek bak by Pick 'n Pay:
  28 en 29 Julie;
  6 en 7 Oktober
- Proe-aand: 29 September
- Kersliedere-Kuier-Aand: 24 November

Ander projekte:

- Borg 'n bank (besonderhede sal deurgegee word)
- Hengelkompetisie: 14 Oktober 2023

Indien daar enige idees is vir fondsinsamelings of as jul kan help by bg projekte, kontak asb die kerkkantoor: 0182947939 / 0832976748.

DEURLOPENDE FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

- **R2-projek:** Vat 'n pilbotteltjie in die portaal, vul dit met R2-stukke en gooi in die kollektesakkie.
- **Koperkruik-projek:** Gooi al u "oorbodige" koper in die kruik wat in die voorportaal staan.
- **2e-Handse snuffelwinkel:** Indien u enigiets het wat tuis in die pad is, skenk dit asb vir ons gemeente se winkeltjie. Kom kyk gerus ook wat alles in die winkel is. Jacoba Ras is in beheer van die winkel [0729005005].
- Mandjieprojek ***– Elize***

VERJAARSDAGLYS

Vandag: Wilma Wolfaardt
24 Julie: Zander Wolfaardt
25 Julie: Geen verjaarsdae
26 Julie: Stephan Smit
27 Julie: Elna Scholtz **(80 jr)**
28 Julie: Johan Klopper **(84 jr)**, Mynhardt du Preez, Ruben Smith
29 Julie: Norah Viljoen

IS JY WIE JY MOET WEES?

"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe."
- Romeine 12:2.

Ons is soms geneig om ander mense na te volg sodat ons nie uitgesluit sal voel nie. Daarom dink en doen ons soos hulle. Dit word dan die norm waarteen ons onsself meet. En as jy dalk nie met alles saamstem nie, weerhou jy jou tog daarvan om jou eie beginsels voorop te stel. Jy is bang vir "wat die mense sal sê!" En hierdie "groepsdruk" mag dalk net 'n bedreiging vir jou geestelike lewe inhou.

Maar die Woord van God laat jou anders na hierdie dinge kyk. As jy in die lig van God se Woord wandel, behoort jy te weet dat jy 'n Hemelse Vader het wat die skat van die Heilige Gees aan jou gegee het, sodat sy wil voorop in jou lewe kan staan. Daarvoor het Hy sekere geestelike gawes aan jou gegee (1 Kor 12:7-11; Rom 12:6-8; 1 Pet 4:10-11; Gal 5:22). Verder weet jy dat wat vandag bestaan, dalk môre nie meer sal wees nie, omdat alles op aarde aan verganklikheid onderworpe is (Ps 39:6). Jy weet dat wat in die verlede gebeur het waaroor jy berou het, nie saak maak by God nie, omdat Hy in Christus Jesus al jou sondes vergewe het (Heb 10:17). Jy weet dat wat die Here aan jou geskenk het, jy vandag met vreugde kan geniet, maar dat daar ook 'n verantwoordelikheid is om die Naam van God in alles te verheerlik (1 Tim 6:17). Jy weet dat die toekoms in God se hande is en dat Hy alleen weet wat op jou wag, omdat Hy die beskikker is van jou lewensweg - as jy maar net wil volg waarheen Hy jou lei (Ps 32:8). Jy weet dat ná hierdie aardse lewe daar 'n nuwe lewe op jou wag in die heerlikheid van die Vaderhuis (Joh 17:24; Mat 25:34; Rom 8:17; 1 Tes 4:17; Open 21:4). **Dít moet jou denke en dade bepaal en hoe jy met ander omgaan.**

En omdat die Heilige Gees in jou woon, kan jy ook die waarheid van die leuen onderskei. Hy rig jou hart en jou verstand sodat dít wat vir God aanneemlik is, by jou meer gewig sal dra as dit wat die mense rondom jou sê en doen (Heb 13:21).

As jy leef na die wil van God en nie omgee oor wat mense sê nie, nie dink en doen soos hulle nie, dan kan jy wees wie jy werklik MOET wees, bevry van die groepsdruk en goedkeuring van ander mense wat jou optrede wil bepaal. Jy word dan 'n sterk en vrygestelde persoonlikheid deur die krag van die Heilige Gees wat in jou woon. Jy raak jou ware self, soos God dit vir jou bestem het. ***-dw***

METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS

Debietorder-opdrag & koeverte is in die voorportaal beskikbaar.

Yoco Kaartmasjien
Elektroniese betaling:
EFT of Zapper
Bankbesonderhede:
NG Kerk Potch-Suid
Absa Tjekrekeningnr 680580049
Takkode 632005